

18

MOET EK NOU AL IETS DAARVAN WEET?

Seksualiteit

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God hulle liggame gemaak het soos wat dit is.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet 'n mens se liggaam is 'n gawe van God.

Gesindheid

Die kinders moet dankbaar wees dat God hulle gemaak het soos wat hulle is.

Vaardigheid

Die kinders moet aan hulle ouers kan verduidelik hoekom God die mens man en vrou gemaak het.

MEER INLIGTING (Genesis 1: 26-31; 1 Korintiërs 6: 12-20; Romeine 1: 24-32)

Ons lees in die Bybel dat God die mens man en vrou gemaak het. God het eerste vir Adam, die man, gemaak. Toe God sien dat Adam stoksielalleen is, het Hy vir hom 'n helper, sy gelyke, gemaak. Dit was Eva, die vrou. Soos met alles wat God gemaak het, seën Hy ook vir Adam en Eva. Hy sê ook dat hulle vrugbaar moet wees en vermeerder. Hierdie voorreg is iets wat net God kan gee. God se bedoeling met man en vrou was dat hulle in vrede met mekaar sal saamwoon en dat hulle mekaar sal help en bystaan. Hulle is ook mekaar se gelykes.

Onder ander omstandighede, waar mense God nie geken het nie, het hulle anders teenoor mekaar opgetree. Die buurvolke van die Israeliëte het prostitusie beoefen, nie net in die algemeen nie, maar selfs by hulle heidense tempels het hulle tempelprostitute gehad. In Paulus se tyd, byvoorbeeld, het die mense in die stede Korinte en Rome ook anders hieroor gedink. Hulle het gedink dat hulle liggame gebruik moet word om losbandig te lewe. Om so te lewe, was vir hulle doodgewoon en natuurlik. Hulle het geglo dit hoort so. Waar mense nie respek vir God gehad het nie, het hulle ook nie respek vir hulle eie liggame en vir dié van ander gehad nie. Respek vir God en respek vir ander mense en vir jouself is twee sake wat hand aan hand gaan.

Die eerste Christene het geleef in 'n wêreld waar seksuele losbandigheid aan die orde van die dag was, en die mense wat dit gedoen het, het niks fout daarmee gesien nie. Daarom vermaan Paulus hierdie mense en sê dat hulle seksuele losbandigheid moet vermy. Hy vertel baie duidelik vir hulle dat God se bedoeling met 'n mens se liggaam nie is om seksueel losbandig te lewe nie.

Die Bybel vermaan by monde van Paulus ook die mense wat prostitusie beoefen met mense van dieselfde geslag. Maar hy vermaan hulle nie net oor prostitusie met mense van dieselfde geslag nie. Prostitusie oor die algemeen en seksuele omgang buite die huwelik is ontoelaatbaar. Dit is taboe dat mans en vrouens ontrou kan wees aan hulle huweliksmaats en na willekeur seksuele omgang kan hê met verskillende mense. Seksuele omgang is iets wat hoort binne-in die huwelik. Buite 'n huwelik is daar geen plek daarvoor nie. Nie voor die huwelik vir ongetroudes nie; nie in die huwelik met 'n ander man se vrou of met 'n ander vrou se man nie; nie na die huwelik as jy geskei is of jou man of vrou aan die dood afgegee het nie. 'n Mens gebruik nie jou liggaam vir seksuele losbandigheid nie, want jou liggaam is 'n tempel van die Heilige Gees.

God het ons teen 'n duur prys gekoop. Wat ons met ons liggame maak, moet baie duidelik wys dat ons weet ons liggame behoort aan die Here.

God het die mens man en vrou gemaak. Ons respekteer mekaar en so ook mekaar se liggame. As ons mekaar nie respekteer nie, respekteer ons nie dit wat God gemaak het nie. Omdat mense vir God en mekaar respek moet hê, mag hulle nie losbandig lewe nie.

Seksuele omgang tussen 'n man en vrou in die huwelik is deel van God se seën aan mense, en sy bedoeling daarmee is dat mense kinders sal hê en meer sal word. Die seksuele saamwees van man en vrou is iets wat God aan die mense gegee het om te geniet, maar net binne die huwelik. Anders word dit losbandigheid, en mense se verhoudings met mekaar word erg aangetas.

As ons die wêreld se standpunte hieroor sien, kom ons agter dat daar 'n heel ander siening bestaan rondom seksuele omgang. In baie films word seks goedkoop gemaak deurdat die beeld geskep word dat iemand meer gewild is afhangende van met hoeveel mense hulle seksuele omgang gehad het. Liefde is deel van seksuele omgang. As mense dit nie doen binne 'n verhouding waar hulle trou aan mekaar beloof het en mekaar respekteer en waarlik liefhet nie – dit gebeur net binne die huwelik – dan maak hulle seks oppervlakkig en goedkoop. Hulle wys daarmee dat hulle nie respek het vir mekaar of vir God nie. Hulle wys ook dat hulle mors met dit wat vir God heilig is – seksuele omgang en 'n mens se liggaam.

Seksuele losbandigheid is sonde, want dit is teen God se wil omdat dit hartseer, skuldgevoelens, rusies, jaloesie en selfs haat teweegbring. Dit is nie hoe God wil hê mense met mekaar moet saamleef nie.

Dit is baie leersaam om by www.jip.co.za te gaan kers opsteek oor seksuele aangeleenthede en ook voorhuwelikse seks – veral die uitgawe wat op 8.2.2010 verskyn het. Daar bestaan skokkende statistieke wat bewys dat kinders wel reeds op 13-14-jarige ouderdom met seks eksperimenteer. Dit doen hulle ongelukkig om verkeerde redes. Dié wat met seks eksperimenteer, soek aandag, aanvaarding, liefde, ensovoorts, maar die gevolge is altyd teleurstelling, verdere verwerping, skuldgevoelens, ongewenste swangerskap, prysgawe van jou loopbaan, selfverwyf en baie meer.

AANBIEDING

JY HET NODIG

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

Laat een van die kinders open met gebed.

HET HULLE ONTHOU EN GEDOEN?

Herinner die kinders dat hulle vir jou vertroulik moet kom vertel van kinders wat dwelms gebruik. Kommunikeer met 'n kundige persoon oor hoe om die saak te hanteer, want dit is uiters sensitief en vertroulik.

Laat hulle in die tabel in hul boeke aandui wat reg is en wat sleg is.

	REG	SLEG
1. Om drank en medisyne te <i>gebruik</i> , is nie sonde nie.	✓	
2. Die <i>misbruik</i> van drank en dwelms is sonde.		✓
3. Die misbruik van gevaarlike middels verhinder ons om die regte verhouding met God en ons medemens te hê.		✓
4. Toe Noag dronk was, het hy onverantwoordelik opgetree voor sy kinders.		✓
5. Jesus het water in wyn verander.	✓	
6. Drankmisbruik rig baie skade aan in huisgesinne, daarom moet 'n mens altyd besin oor jou optrede.		✓
7. Paulus het Timoteus aangeraai om 'n bietjie wyn te drink vir sy maag.	✓	
8. As jou optrede ander om jou ongelukkig maak, moet jy meer verantwoordelik optree.		✓
9. 'n Mens moet medisyne gebruik soos die dokters dit voorskryf. Dan sal dit jou gesond maak.	✓	
10. Vrees, moedeloosheid en woede is nie genoeg rede om jou te vergryp aan middels wat afhanklikheid kan veroorsaak nie.		✓
11. Jona en Elia is deur God gehelp toe hulle op moedverloor se vlakte was.	✓	

12.	Ons moet met al ons vrese en bekommernis na God toe gaan.	✓	
13.	God los nie altyd 'n probleem op soos ons wil hê nie.	✓	
14.	God het elkeen van ons spesiaal gemaak en is vir ons baie lief.	✓	

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

God het mans en vrouens gemaak sodat hulle by mekaar pas. Hy het ook aan hulle die opdrag gegee om kinders te hê. Hierdie opdrag is vir één man en één vrou. Seksuele omgang is iets vir één man en één vrou met mekaar.

Ongelukkig is dit so dat mense vandag nie meer altyd so oor hierdie saak dink nie. Dit sien ons veral in films waar seksuele losbandigheid iets is wat mense beoefen om status en aansien te kry tussen ander. Seksuele losbandigheid is iets wat verkeerd is in die oë van die Here. Dit leer Paulus vir ons baie duidelik in 1 Korintiërs 6: 12-20 en Romeine 1: 24-32.

IETS INTERESSANT

Som MEER INLIGTING hierbo op en wys die kinders daarop dat God, wat ons geskape het, die beste weet hoe ons geestelik en liggaamlik funksioneer, en dat seks nie buite die huwelik hoort nie. Kinders kan ook op 'n rekenaar by die genoemde adres gewys word wat baie tieners se siening oor die saak is – dit is dat seks vir die huwelik gebêre moet word.

IETS BELANGRIK

Beklemtoon die volgende:

- God het die mens man en vrou gemaak sodat hulle by mekaar pas.
- Seksuele losbandigheid is verkeerd in die oë van die Here.
- Ons liggame behoort aan die Here, en daarom moet ons dit oppas en daarvoor sorg.
- Ons mag met ons liggame nie maak wat ons wil nie.

IETS OM TE DOEN

Laat hulle die volgende beantwoord:

1. As wat het God die mens geskep? (Genesis 1: 27) *Man en vrou.*
2. Wat is die opdrag waarmee God die mens geseën het? (Genesis 1: 28) *Wees vrugbaar, word baie, bewoon en bewerk die aarde.*
3. Hoe het God gevoel oor die mens wat Hy gemaak het? (Genesis 1: 31) *God was tevrede, en Hy het gesê dit was goed.*

4. Wat bedoel die mense in Korinte wanneer hulle sê: *Alles is my geoorloof?* (1 Korintiërs 6: 12) *Hulle kan maak wat hulle wil. Hulle kan eet wat hulle wil en hulle kan met hulle liggame maak wat hulle wil. As hulle seksuele losbandigheid wil beoefen, het hulle gereken, dan mag hulle. Hulle liggaam behoort aan hulleself, en hulle is baas oor hulle eie liggame.*
5. Wat bedoel Paulus wanneer hy sê dat 'n mens se liggaam nie bedoel is vir seksuele losbandigheid nie, maar daar is vir die Here? (1 Korintiërs 6: 14) *Ons liggame behoort aan die Here. Daarom moet ons ons liggame oppas en mooi daarvoor sorg. Wat ons met ons liggame doen, moet ons doen tot eer van God.*
6. In watter verhoudings mag mense seksueel met mekaar verkeer? *Slegs in die huwelik.*
7. Wat sê dit van mense se respek vir mekaar, hulle selfrespek en hulle respek vir God wanneer hulle seksueel losbandig lewe? *Sulke mense het geen selfrespek nie, geen respek vir God en geen respek vir die ander persoon nie.*
8. Is seksuele losbandigheid iets wat bestaan slegs tussen mense van dieselfde geslag? *Nee, dit kan ook bestaan tussen mense van teenoorgestelde geslagte.*
9. Wat is seksuele losbandigheid? *Wanneer mense nie getrou is aan een maat nie, en seksueel verkeer met verskillende mense.*
10. Aan wie behoort ons liggame? *Aan die Here.*
11. Wat beteken dit? *Ons moet die Here eer met die manier waarop ons lewe. Omdat ons liggame aan Hom behoort, moet ons dit oppas en daarvoor sorg.*

BY DIE HUIS

DOEN

- Laat hulle vir hulle ouers gaan vra wat dit beteken om seksueel losbandig te lewe, en laat hulle daarvoor gesprek voer.

LEER

Laat hulle die volgende gaan leer:

- God het my liggaam gemaak soos wat dit is.
- My liggaam is 'n gawe van God.
- God het mense man en vrou gemaak sodat hulle by mekaar pas.
- Seksuele losbandigheid is sonde.

AFSLUITING

Sluit af met gebed.